**VRYDAG 5 JUNIE**

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 26:12-33**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 26:22 (OAV & NAV)**

**Isak – ruimte in die land van vreemdelingskap**

As gevolg van ʼn hongersnood bly Isak (hy lag) as vreemdeling in Gerar van die Filistyne. Die Here het hom beveel om daar te vertoef en Hy het ook aan Isak die belofte gegee dat Hy met hom sal wees en hom sal seën.

In dié geskiedenis sien ons hoe die Here sy belofte gestand doen en vir Isak met voorspoed in die vreemde land seën. Hy maak ʼn groot oes en gaan vooruit.

Sy voorspoed is egter net die een kant van wat Isak in die vreemde beleef. Aan die ander kant is daar konflik met die Filistyne. Hulle raak afgunstig op hom en vra hom om van hulle weg te trek. Dan maak hulle die lewe vir hom moeilik deur rusie te maak en te stry oor die putte wat hy grawe.

By die derde put stry hulle nie en hy noem dit "Réhobot" of "Ruimte". Hy bely dat die Here vir hulle ruimte gemaak het en dat hulle voorspoedig in die land kan wees. Daarna kom die Filistyne na hom en vra om ʼn verdrag te sluit, want hulle het gesien dat die Here by Isak is.

Isak se verblyf in die vreemde beskryf in baie opsigte ons verblyf as gelowiges hier op aarde. Ons ontvang uit genade ryke seëninge van die Here. Ons kan leef met die ontsaglike troos dat ons deur Jesus Christus aan God behoort. Ons sondes is vergewe. Ons het soveel sekerheid en hoop. Ons lewens is in God se hande en Hy sorg vir ons.

Tog beleef ons ook baie konflik en stryd. Ons het die konflik nodig om ons te herinner dat ons hier op aarde net vreemdelinge is. Ons moet die ruimte wat die Here ons hier gee, so gebruik dat ook ander tot erkenning van God se seën in ons lewens kan kom.

*Sing: Psalm 34:1, 8 (1936)*
*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*